University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)

# Hoofstuk Ses

# Vergelyking van die twee narratiewe, Openbaring en The Lord of the Rings, na aanleiding van die narratiewe analises



University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



# VERGELYKING VAN DIE TWEE NARRATIEWE, *OPENBARING* EN *THE LORD OF THE RINGS*, NA AANLEIDING VAN DIE NARRATIEWE ANALISES

Die vergelykende studie wat nou gedoen kan word, na aanleiding van die voorafgaande narratiewe analises, wil bewys dat daar sodanige ooreenkomste bestaan tussen dié twee verhale, dat die een hedendaagse verhaal sinvol aangewend kan word as parallelle verhaal om die antieke verhaal meer toeganklik vir die leser te maak. Om die verhale op so manier aan te wend, glo ek is ooreenkomste noodsaaklik in die **doel** van beide outeurs, in die **teologiese perspektiewe** van beide outeurs wat dui op ooreenkomste in die inhoud van die verhale, die **genre** en **sosiale analise** van die lesers (in `n mindere mate belangrik, maar indien dit ooreenstem is dit sinvol om aan te dui), **karakters** en **plot**.

Ek gaan deurlopend verwys na God, Christus en die gelowiges in die vergelyking van die karakters, hoewel dié benaminge nie gebruik word in The Lord of the Rings nie. Die motivering daarvoor is egter in die karakterstudies van die onderskeie boeke se narratiewe analises waar ek aantoon dat die *Fellowship* die simbool is vir die gelowiges, en dat die karakters God en Christus inderdaad hoofkarakters is in The Lord of the Rings.

## 1. DOEL VAN IMPLISIETE OUTEURS

Albei outeurs is getraumatiseerde mense[1] wat gekonfronteer word met die Bose in hul bestaan en in hul wêreld en albei skryf aan mense wat God bevraagteken as gevolg van hulle ervaring van en ontmoeting met die Bose en `n gevolglike diskrepansie wat hulle beleef ten opsigte van hul geloof in `n soewereine God, maar in `n wêreld waar God afwesig lyk en waar hulle nie beleef dat God in beheer is nie. Albei outeurs wil hul ontnugterde (en soms

[1] Sien Doel van Outeur by onderskeie verhaalanalises.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)


verwarde en moedelose) lesers bemoedig en troos en wil vir hulle nuwe hoop gee. Hulle doen dit deurdat beide op hul unieke maniere die leser wil help om perspektief te verkry op vier vlakke: (i) op hulle werklikheid; (ii) op die onsigbare werklikheid van God en Sy betrokkenheid in hul lewens en die rol wat Hy speel in die groter verloop van dinge; (iii) op die bestaan van die Bose en bose magte in die wêreld en die voortdurende stryd wat woed tussen God en die Bose, waarvan hulle deel is; (iv) op hulleself en die rol wat hulle moet speel in die wêreld.

Vir beide outeurs is dit belangrik om die Bose te ontmasker en daaraan `n ‘naam’ te gee, sodat die leser die Bose kan herken. Ten opsigte van die stryd teen die Bose wil albei egter duidelik maak dat daar reeds oorwinning behaal is teen die Bose en hiermee wil hulle die lesers bemoedig en vertroos. Hulle wil die leser ook help om die teenwoordigheid (hoewel verborge) van God in hul lewens te ontdek en troos te vind in die feit dat hulle nie alleen is nie. Die lesers moet die ‘groter prent’ en hul eie klein bestaan daarbinne ontdek en sien watter verskil elke individu binne die groter geheel kan maak.

Troos en bemoediging is sterk motiewe in albei verhale, en in albei is die gedagte van `n groter mag wat in beheer is en die gang van dinge bestuur, prominent, maar albei outeurs wil die getrooste lesers help om hul roeping en rol in die lewe te ontdek (veral ten opsigte van die stryd tussen God en die Bose). Albei outeurs wil die leser help ontdek dat dit moontlik is om te leef asof ek nie deel is van die werklikheid nie, dit wil sê asof die Bose nie my lewe kan raak nie, en dus is ek nie deel van die groter stryd op aarde nie. Die outeurs wil waarsku dat mens ongeërg in jou klein wêreld kan bestaan, terwyl elke individu in werklikheid deel is van die groter stryd wat woed en vroeër of later `n keuse sal móét maak. Om jou roeping en rol in die lewe te ontdek behels so uitoefening van `n keuse en die navolging van Christus, wat beteken om in die voetspore van Christus te volg. Dit is `n moeilike pad, want verbintenis aan Christus beteken verbintenis aan Sy pad wat getuie aan betref maar ook wat lyding aan betref. Dit vra nuwe toewyding en volharding, maar aan die einde van die pad is die belofte van oorwinning vir dié wat volhard. In albei verhale vind die leser die gedagte van `n lewe van *imitatio Christi*.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)


## 2. IMPLISIETE LESERS

Die lesers van beide verhale het lyding beleef wat gelei het tot die ervaring van `n eksistensiële krisis en `n geloofskrisis, want in hul ervaring van lyding het hulle `n ernstige diskrepansie beleef: hulle bely hulle geloof in `n soewereine God, maar sien en beleef Hom nêrens nie, terwyl die Bose as baie werklik en magtig beleef is. Dit het tot gevolg gehad dat `n lewe van navolging van Christus vir baie lesers sin en betekenis verloor het. Die lesers van Openbaring het veral ook begin twyfel omdat hulle geglo het in die spoedige wederkoms van Christus, wat nie gebeur het nie. Natuurlik was daar uiteenlopende reaksies op hierdie ervaring: sommige het ernstig aan hul geloof bly vashou, ander het begin twyfel en opstandig geword teenoor `n God wat so afwesig blyk te wees en ander het hul geloof afgelê. Die grootste gemeenskaplike probleem tussen die implisiete lesers van die twee verhale blyk dus te wees: die ervaring dat die Bose heers in die wêreld en dat God swyg of afwesig is, en die vraag wat hieruit voortvloei: waarom maak God nie `n einde aan die lyding op aarde nie?

## 3. KARAKTERS

Die karakters wat ek wil vergelyk in die twee narratiewe, is die goeie en bose Triniteit en die gelowiges, wat in albei hoofrolle speel. Ek kyk ook kortliks na Smeagol, wat nie `n ooreenstemmende karakter in Openbaring het nie, maar wat die gevolg simboliseer van dit waarteen Openbaring waarsku. Albei verhale werk met kontras-karakters.

| Openbaring | The Lord of the Rings |
| --- | --- |
| *Goddelike Triniteit* | *Goddelike Triniteit* |
| God | God (die Een) |
| Christus | Aragorn |
| Heilige Gees | Gandalf, Galadriel |

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


| | |
|---|---|
| *Bose triniteit* | *Bose triniteit* |
| Satan | Sauron |
| Dier uit die aarde | Saruman |
| Dier uit die see | Nazgûl |
| Gelowiges | Fellowship |
| Ongelowiges | Nasies en Gollum |

***God as karakter***

[In Openbaring is Hy die Een wat op die troon sit. In The Lord of the Rings is Hy die Een wat die groter mag is agter alles].

In albei die verhale word God uitgebeeld as dié Een wat – hoewel onsigbaar – intens betrokke is by en gemoeid is met die individu en die wêreld, waarvan Hy ook die Skepper[2] en die Onderhouer is. Die stryd op aarde tussen goed en boos gaan nie by God verby nie. Inteendeel, dit is Hy wat die groot stryd stry in die geestelike realm teen die Bose ter wille van sy skepping. Die Goddelike karakter in albei verhale besit die meesterplan vir die verloop van die geskiedenis. Hy stuur Sy Messias om op aarde die stryd saam met die mense te kom voer, omdat die Bose, wat uit die hemelse sfeer gewerp is, die stryd teen die mense voortsit.

Die Messias wat Hy stuur getuig oor Hom teenoor die mense, stry teen die Bose, probeer mense bystaan en bewus maak van God agter alles en bemoedig hulle in hulle stryd. Uiteindelik gee Hy sy lewe vir mense. Hoewel die lesers nie naby aan hierdie karakter kom nie, omdat Hy tog in `n ander dimensie voorgestel word, vind die leser heelwat troos en bemoediging in die uitbeelding van die karakter, omdat dit duidelik word dat Hy, wat alles gemaak het, tóg magtiger is as die Bose, tóg genoeg omgee vir die mens en sy/haar stryd en tóg intens betrokke is. Die leser word in albei verhale gehelp om die leidende hand van dié karakter raak te sien en Sy betrokkenheid en voorsienigheid in situasies te herken. Dit word ook duidelik in albei verhale dat

[2] Hiervoor moet na Silmarillion (Tolkien 1977) verwys word waar die skeppingsmitologie van Middel Aarde (die wêreld van The Lord of the Rings) vertel word.

daar sonder God geen verhaal sou wees nie, want in albei verhale sou die Bose lankal die mens en die skepping vernietig het, soos sy doel is.

Daar is natuurlik troos in die ontdekking dat daar `n Plan is agter alles en dat alles besig is om in lyn met die plan te verloop. Dit beteken egter nie dat alles volledig vooruit bestem is, sodat dit in elk geval geen verskil maak wat die individu kies of leef nie. So word God nie uitgebeeld nie, maar wel as die Een wat `n Plan het en wat mense roep. Mense het `n keuse of hulle hieraan meewerk of nie. Indien nie, maak God `n ander plan om uiteindelik die meesterplan te laat werk.

Hierdie karakter werk voorsienend, versorgend en beskikkend. By geleentheid werk Hy ook deur wonderwerke, maar veral werk Hy deur mense wat op sy roepstem antwoord en gaan waar Hy hulle stuur. Dit is die manier hoe die Bose uiteindelik finaal oorwin sal word. Die mense kan dit egter slegs doen, omdat die Messias reeds die oorwinning behaal het, en hulle in Sy voetspore volg.

`n Interessante perspektief uit beide verhale oor God, is dat Hy selfs die Bose in sy hande hou en beperk. Die Bose is beïndruk met sy eie planne, onbewus[3] daarvan dat al sy planne aan God bekend is en dat God dit gewoon deel maak en inwerk in Sy Plan, wat uiteindelik die vernietiging van die bose en die oordeel oor die Bose tot gevolg gaan hê.

***Christus***

In Openbaring word Christus op drie maniere uitgebeeld: die Seun van die mens (1:12-17), die Lam wat geslag is (5:6, 9, 12), die Ruiter op die wit perd (19:11-16). In The Lord of the Rings word Hy deur drie karakters uitgebeeld: Aragorn (die koning wat sal kom en wat ooreenstem met die Ruiter op die wit perd), Gandalf (die een wat deur God gestuur is, wat die dood oorwin), Galadriel (wat die harte van mense ken en deurgrond, wat rus gee, wat die nagmaal (of `n sinspeling daarop) instel en uitdeel en wat die Lig is wat alle

[3] In The Lord of the Rings is hy onbewus, maar in Openbaring bewus, en juis daarom is hy so woedend.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)



donkerte verdryf). Saam vorm hierdie drie karakters die Christus-karakter. Soms is daar karaktereienskappe wat vermeng raak sodat een karakter in Openbaring moontlik oor eienskappe beskik wat deur argumentshalwe die Lam en die Seun van die mens uitgebeeld word, maar uiteindelik beeld hulle almal een karakter – Jesus Christus – uit. Wat die chronologiese verloop van die verhaal aan betref stem dit nie altyd ooreen met die verloop van die Christus-gebeure nie, net soos wat dit ook in Openbaring onchronologies voorkom. Dit is egter nie die doel van die outeur om die verloop van die Christus-geskiedenis weer te gee nie, maar die karakter, en hiervoor gebruik hy drie verskillende karakters.

Die karaktertrekke van Christus wat dus in albei verhale baie prominent is, is dat Hy sy lewe gegee het vir Sy mense sodat hulle kan lewe; die dood oorwin het en so oorwinning behaal het oor die Bose; die Koning is wat sal kom – die lang verwagte Koning wat genesing sal bring en vrede; en dat Hy die Een is wat met sy mense op pad bly en hulle versterk in hulle stryd.

Christus[4] is die karakter wat in albei verhale heenwys na `n groter werklikheid (Gandalf, Aragorn en Galadriel doen dit deurlopend), wat voortdurend die ander karakters help om van dié werklikheid bewus te wees en daarmee en daaruit te leef. Hy is die Een wat na God wys en oor Hom getuig en wat altyd herinner aan God se bemoeienis en Sy plan en Sy oppad-wees met mense. (Ook dit is veral Gandalf se messiaanse rol). Hy maak die ander karakters bewus daarvan dat dinge nie is soos dit lyk nie. Dit lyk asof die Bose oorwin in die wêreld. Dit lyk asof die goeie in `n absolute minderheid is. Dit lyk asof die mens uitgelewer is aan die Bose en daar geen goeie mag is wat teen die Bose te staan kan kom nie. Maar dinge is nie soos dit lyk nie! Hoewel die Bose op enkele plekke oorwin, beteken dit nie dat die finale oorwinning aan die Bose behoort nie. Inteendeel, selfs hierdie klein oënskynlike oorwinnings kan juis tot hul nederlaag lei. Die feit dat hulle soos `n klein minderheid voel is nie belangrik nie, want die stryd word nie gewen deur krag of mag nie, want die eintlike stryd is geestelik en word op geestelike vlak bepaal.

[4] Gandalf vertolk veral die rol van Christus, wat gestuur is (Appendix A) om as getroue getuie op te tree en mense te roep.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Christus is die karakter wat roep en voor `n keuse stel en waarsku dat die verkeerde keuse onvermydelik oordeel tot gevolg sal hê wanneer die Bose geoordeel gaan word. Christus is die een wat die gelowige help om perspektief op sy/haar rol te kry. Maar Hy is ook die een wat nie net roep en stuur nie, en die opdrag duidelik maak en perspektief gee op die gelowige se rol in die wêreld nie, maar is ook die Een wat sê: Ek sal jou help. Ek sal jou nie alleen laat nie. Ek is by jou.

Toe die gelowiges hul rol en taak in die wêreld ontdek, toe gee Hy sy lewe[5] sodat hulle kan leef. Waar die sterwe van Christus lyk soos die groot oorwinning wat die bose behaal, en dit die gelowiges beangs en onseker agterlaat, oorwin hy egter die dood[6] nadat hy teen die magte van die dood (die Bose) geveg het, en staan Hy op uit die dood met nuwe mag en outoriteit waarteen aardse magte niks kan doen nie.

Die gelowiges wat teleurgesteld hul geloofsreis verder moet onderneem sonder die sigbare teenwoordigheid van Christus, ontdek dat hulle steeds deur Hom versorg word[7], maar op `n ander manier. Hy gee krag en moed, Hy ken hulle onrus en vrese, Hy bemoedig en versterk, Hy gee lig wat donkerte verdryf – ook die donkerte van wanhoop. Hy is die brood en die lig. Hy is teenwoordig al is dit nie meer sigbaar vir hulle nie. Hierdie gedeelte oor die twyfel van die gelowiges wat Christus nie beleef nie, maar wat dan tog krag put uit die *lembas* en die Lig van Galadriel, verwys spesifiek na Frodo en Sam wat die pad van geloof loop sonder om te besef op watter maniere Christus betrokke is en voorsien.

Die gelowiges word aangemoedig om in Christus se spore te volg met die vooruitsig van finale oorwinning oor die Bose en `n nuwe lewe wanneer die

[5] Ook dié Messiaanse rol word deur Gandalf vervul.
[6] Verwys na Christus se oorwinning oor die dood (Op 12) en Gandalf se oorwinning oor die Balrog, 490.
[7] Galadriel vertolk dié Christus-rol, wanneer sy die gawes gee van lig in die donkerte en *lembas* (nagmaalsbrood) wat hullegeloof en moed versterk.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


langverwagte koning[8] sy koninkryk vestig. Christus is die koning wat sy nuwe Ryk sal vestig nadat die finale oorwinning oor Satan behaal is en die Bose finaal vernietig word. Hy sal genesing en vrede bring vir alle mense. Hy kom ook om te oordeel, maar sy oordeel is regverdig en genadig. In die nuwe Ryk sal almal wat hom getrou gevolg het, saam met hom leef.

***Gelowiges***

Dit is belangrik dat die gelowiges op verskillende maniere, hoewel baie eenders in karakter, uitgebeeld word. In Openbaring word hulle uitgebeeld deur middel van gemeentes en in die gemeentes word die verskillende moontlike karaktertrekke en reaksies van die gelowiges uitgebeeld; in The Lord Of the Rings word individuele karakters gebruik om die karaktertrekke van gelowiges uit te beeld. So word die gemeente van Filadelfia (Op 3:8) byvoorbeeld uitgebeeld as `n gemeente wat swaarkry verduur en min krag het, maar wat volhard en in The Lord of the Rings word dié eienskap van die gelowige uitgebeeld deur Sam en Frodo wat moeg is, wat veel verduur het en voel dat hulle nie meer kan aangaan nie, maar wat nietemin volhard. Die gemeente van Pergamum (Op 2:15) het kompromieë aangegaan met die Bose en in The Lord of the Rings word dié eienskap in die karakter van Boromir uitgebeeld. Dit is belangrik om daarop te wys dat die outeur van The Lord of the Rings nie probeer om `n profiel van die kerk met al die positiewe en negatiewe karaktereienskappe uit te beeld nie, maar slegs wil fokus op hoe die lewe van navolging lyk. Hierin verskil die twee narratiewe, maar die ooreenkoms wat hulle toon gaan oor die oproep tot `n lewe van navolging en hoe so lewe lyk, en dit is wat vir die studie belangrik is.

Die gelowiges is dié wat hulself oppad vind in die stryd teen die Bose en wat êrens `n keuse gemaak het om hierdie pad te loop. Daar is egter `n verskil in die motiewe en volharding en perspektiewe van die gelowiges. Sommige staar hulle vas teen die Bose in die wêreld en voel klein en magteloos as deel

[8] Aragorn vertolk die karakter van die Christus-koning. Die feit dat hy deurlopend deel is van die verhaal is deel van Tolkien se manier om te sê Christus is deurlopend met ons oppad, ons herken Hom net nie altyd as Christus nie. Dit is belangrik om te verstaan dat Tolkien nie probeer om die verhaal chronolgies getrou aan Christus se lewe te laat verloop nie. Waar dit oor Aragorn handel gryp hy dikwels terug na Jesus se lewe op aarde, terwyl Aragorn terselfdertyd verwys na die eskatologiese koning wat verwag is.Wat vir Tolkien belangrik is, is die karaktereienskappe wat die drie karakters saam besit en wat na Jesus wys.

van `n minderheidsgroep. Party wonder oor die sin van hulle pad en voel dat hulle sonder Jesus sigbaar by hulle, nie kan slaag nie. Ander besluit dat dit dalk wyser is om saam met die Bose te werk op `n manier. Dan is daar dié wat volhard teen die Bose in die wêreld en alhoewel hulle klein en magteloos voel en selfs lyding beleef as gevolg daarvan, hou hulle aan om te volhard.

Die lewe van die gelowiges soos uitgebeeld deur Openbaring het `n korresponderende verhaal in die *Quest* van The Lord of the Rings, maar spesifiek gefokus in die *Quest* van Frodo en Sam, want in hulle twee se verhaal vind mens feitlik `n replika van dit wat die gelowiges in Openbaring beleef. Hulle pad is swaar en vol ontbering. Hulle word vervolg op talle maniere. Hul lewens word bedreig. Hulle voel dikwels swak en alleen en wonder oor die sin van die stryd. Hulle moet herhaaldelik die keuse maak om voort te gaan. Maar die Lig en die Brood van die Christus-karakter en die herinnering aan Sy sterwe vir hulle, is vir hulle hul bron van krag en hul bemoediging sodat hulle kan voortgaan met hul pad.

Die gelowiges moet gehelp word om te begryp dat daar buite hulle `n groter realiteit is waarvan hulle egter deel is en waarin hulle rolspelers is. Hulle het `n keuse en die keuse het `n implikasie. Hulle kan egter nie nié kies nie, want om nié te kies nie is indirek `n keuse vir die Bose. As mens egter kies beteken dit dat jy deel word van `n moeilike stryd en `n swaar pad vol moontlike ontberings en swaarkry. Die belofte vergesel hulle egter dat hulle nie alleen is nie en dat God en Christus met hulle oppad is. Hy help jou om die las te dra. Hy gee gawes wat dit makliker maak. Hy neem nie die lyding van jou af weg nie, maar help jou om dit te dra. Hoekom kies enigiemand vir so swaar pad? Want daar is die belofte van die oorwinning oor die Bose en die oorwinning oor die dood en die nuwe Koninkryk wat kom en die oordeel oor die Bose en die regverdiging van die gelowiges en `n ewige lewe[9].

In The Lord of the Rings word die gelowige se pad van navolging uitgebeeld as `n *Quest*. In werklikheid is die *Quest* ter sprake egter `n *anti-quest*, want

[9] In Openbaring is die ewige lewe wanneer die einde aanbreek en `n lewe met Christus begin. In The Lord of the Rings is dit wanneer die reis na die Undying Lands onderneem word waar wonde en harte genees word.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


die gelowige gaan om iets te verloor, en die iets is meer as die Ring. Dit is waarskynlik hul lewens, maar met die vooruitsig van die ewige lewe. Die gelowige word deurlopend in albei verhale daaraan herinner dat hierdie pad `n pad is van selfopoffering waarvoor Jesus die voorbeeld stel. Dit kan jou lewe kos en hoe ernstiger jy is oor jou geloofskeuse en oor die saak, hoe groter is die kans dat dit jou lewe kan eis.

Die uiteindelike groot uitdaging vir die gelowiges is om te leef uit `n oorwinning wat nie sigbaar is nie, asof dit sigbaar is! Dit is waarvoor die gelowiges voortdurend geroep word: om as oorwinnaars te leef uit die oorwinning wat Christus behaal het. In die laaste hoofstuk van die boek, The Lord of the Rings, word die gedagte so duidelik en aangrypend uitgebeeld dat dit die gelowige leser motiveer tot `n oorwinningslewe en dat dit die leser van Openbaring help om te verstaan waarvoor Openbaring die leser roep. Die hobbits kom terug in die Shire (hul leefwêreld), maar ontdek tot hul skok dat hier oral tekens is van die Bose. Inteendeel, die Bose is in beheer en veroorsaak groot pyn en hartseer in die lewens van die hobbits. Almal is magteloos en voel oorweldig deur die oormag en mag van die Bose. Die vier klein hobbits verklaar egter oorlog teen die Bose oormag én wen! Vir slegs een rede. Hulle het die oorwinning van die Koning beleef, en nou leef hulle uit die oorwinning. Hulle weet die mag van die bose is gewaande mag, want dit is oorwin. Hulle leef gewoon asof dit – wat nou ver weg van hulle is en onsigbaar is binne die konteks van dié nuwe realiteit – hul sigbare werklikheid is. Hiervoor word die gelowiges in albei verhale geroep.

`n Bepaalde leefstyl word gevra: volhardende navolging van Christus, getroue getuies, hoop in hooplose omstandighede, wedersydse ondersteuning en aanmoediging en waarskuwing indien nodig, `n bereidheid om te sterf en `n gesindheid van liefde en deernis – ook teenoor vyande. In kort: `n lewe met die gesindheid van Jesus[10], aangemoedig deur die ironiese gedagte van oorwinning deur lyding.

---

[10] Hoewel die gedagte nie in Openbaring voorkom nie, is dit `n deurlopende tema in die Evangelies en word dit veronderstel in die boek Openbaring.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


***Satan***

In albei narratiewe is Satan die teenpool van God. Hy wil graag God wees. Hy is egter oorwin en uit woede maak hy oorlog teen God en sy volgelinge. Satan is alles wat boos is. Hy is die Vernietiger en die Verleier of Misleier. Hy het mag en kry meer mag omdat hy mense mislei of intimideer. Dit is in sy aard om politiese, sosiale, ekonomiese en militêre sisteme te gebruik deur dit korrup te maak en dan te gebruik om sy wil uit te voer. Die toename in sy mag is veral toe te skryf aan sy misleidende aard, want hy laat mense glo dat dit tot hulle voordeel is om hom te volg, of hy presenteer homself as goed om sodoende mense te kry om hom te volg. Satan werk nie alleen nie. Hy het altyd trawante wat hom help. In albei verhale het hy twee trawante wat vir verskillende dinge verantwoordelik is: vir sy propaganda, vir die oortuiging van mense, vir sy militêre mag én om te sorg vir die oortuiging van mense en die oorheersing oor die wêreld, en vir sy psigologiese mag om wanhoop te veroorsaak, sodat mense perspektief verloor en van God verwyder raak.

Die drie bose karakters in albei verhale het een dryfkrag: mag en nog meer mag; en een groot wapen: wanhoop en vrees. Waar God die Skepper is, maak Satan die skepping dood. Satan is absoluut destruktief. Wanneer jy in Satan se mag is word jy sy slaaf. Die plek van die oorsprong en einde van die Bose is die onderaardse dieptes.

Deel van die aard van die bose karakter is dislojaliteit teenoor mekaar. Saruman dink hy gebruik vir Sauron en intussen is dit andersom. Net so vernietig die dier in Openbaring die vrou wat op hom gery het.

Die Bose is nie `n karakter van mens se verbeelding nie, maar is baie werklik en neem werklike gestalte aan en kry `n menslike gesig in die mense en strukture wat deur die Bose gebruik word. Tog lyk die Bose soms goed en daarom kan byvoorbeeld `n korrupte politiese sisteem mense oortuig om hulle te ondersteun, omdat hulle nie korrup lyk nie.

***Ongelowiges***

Dié karakter verwys na die nasies en groepe mense en individue wat nie kies om aan die kant van die goeie te stry nie en wat óf hulself vrywilliglik aan die

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


kant van die bose skaar – hetsy omdat hulleself daardeur bevoordeel word, of omdat hulle glo dat dit goed kan wees - óf onder dwang. The Lord of the Rings beeld egter die ongelowige uit in een karakter wat simbool word vir elkeen wat teen die goeie kies, vir watter rede ook al. Die outeur van The Lord of the Rings wil ons help om die uitwerking van die Bose op `n mens te sien. Om aan die kant van die Bose te staan veroorsaak `n totale verlies aan identiteit en aan perspektief omdat jy die misleiding van Satan glo. Dit neem van jou besit en uiteindelik wag daar vir jou net oordeel.

## 4. TEOLOGIESE UITGANGSPUNTE

Die teologiese uitgangspunte is die boodskap wat die interpreteerder glo die teks aan die leser wil kommunikeer. Soos met die voorafgaande is hierdie perspektiewe breedvoerig bespreek in die twee analises, en is hierdie slegs `n kort samevatting van die punte waarin die twee verhale ooreenstem. Dit is belangrik om daarop te wys dat die verhale ooreenstem ten opsigte van elkeen van die prominente teologiese perspektiewe van die twee outeurs. Hieronder word die inhoudsopgawe van die teologiese perspektiewe van beide boeke (soos bespreek in die verhaalanalises) weergegee, om hulle langs mekaar te sien.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)



| TEOLOGIESE UITGANGSPUNTE: OPENBARING | THE LORD OF THE RINGS |
|---|---|
| 1. Dualistiese wêreldbeeld / lig en duisternis | 1. Dualistiese wêreldbeeld |
| 2. Groter mag agter alles | 2. Hoop vir hooploses |
| 3. Voorsienigheid | 2.1 God agter alles |
| 4. Oorwinning deur lyding | 2.2 Christus: Oorwinnaar oor die dood |
| 4.1 'n Swaar pad | 2.3 Eskatologiese hoop |
| 4.2 Bereidheid om te sterf | 2.4 Hoopvolle visioene |
| 4.3 Anti-*quest* | 3. Nuwe perspektiewe |
| 4.4 Versoeking | 4. Wat Christus doen, doen God |
| *5.* Rol van dié op die *Quest* | 5. Oorwinning van Christus en die gelowiges |
| 5.1 Nuwe lewe | 5.1 Oorwinning deur lyding |
| 5.2 Roeping | 5.2 Eskatologiese eksodus |
| 5.3 Om soos Jesus te word | 6. Rol van die gelowiges |
| 5.4 Vreemdelinge in die wêreld / pelgrims | 6.1 Messiaanse oorlog |
| 6. Hoop | 6.2 Geloofwaardige getuies |
| 6.1 Nie alleen nie | 7. 'Eucatastrophe' |
| 6.2 Deel van 'n groter geheel | 7.1 Parousia / die Koning kom! |
| 7. Ironie van die Bose | 7.2 Die einde van Satan |
| 8. Oorlog? | 7.3 Die laaste oordeel |
| 9. 'Eucatastrophe' | 7.4 Die nuwe stad |
| 10. Eskatologiese hoop | |
| 11. Die koning kom! en die nuwe stad | |
| 12. Die Bose in The Lord of the Rings | |

### *Dualistiese wêreldbeeld*

Albei verhale wil perspektief gee op `n wêreld wat volgens hulle verdeel is in goed en boos en dié twee is voortdurend in `n stryd met mekaar. Almal (en alles[11]) wat deel is van hierdie wêreld is deel van hierdie stryd en moet kies aan watter kant hulle staan. Albei outeurs beeld hierdie dualistiese wêreld uit met behulp van hulle karakters wat kontrasterende karakters is en óf aan die kant van die goeie, óf aan die kant van die Bose is; die uitbeelding van hul stede en landskappe of plekke wat ook in kontras tot mekaar uitgebeeld word en wat in terme van die karaktertrekke van die goeie of die bose uitgebeeld word; en die gebruik van kontrasterende kleure. Die karakters is in konflik met mekaar, die stede versterk die goeie en bose karakters, en lig en duisternis (wat ook onderskeidelik goed en boos uitbeeld) kom direk teenoor mekaar te

[11] In The Lord of the Rings word ook die natuur, wat soms deur Tolkien as karakters uitgebeeld word, betrek, byvoorbeeld die 'Ents' (Boom-herders).

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


staan wanneer die donkerte in die bose Shelob se woonplek dreig om absolute wanhoop te veroorsaak, en die lig van Galadriel die donkerte verdryf en die wanhoop besweer.

Die dualistiese wêreldbeeld wil die leser help om perspektief te kry op wat hulle beleef, want hiervolgens is daar – hoewel onsigbaar vir die leser - hierdie stryd wat woed, wat die lewe van die gelowige, die hede, die verloop van die geskiedenis en die toekoms en afloop daarvan bepaal. Dit help die leser om lyding, swaarkry en vervolging binne dié konteks te verstaan. Dit beteken ook dat gelowiges nie aan hulleself oorgelaat is nie, maar deel is van `n groter prent, en dat die stryd wat die gelowige voer binne dié konteks nuut verstaan moet word. Dit beteken veral dat God nie afwesig of ver is nie maar dat Hy besig is met hulle klein bestaan en met hierdie stryd wat Hy voer ter wille van hulle en saam met hulle ter wille van die kosmos en die uiteindelike toekoms van die mens en die wêreld.

***Groter mag agter alles***

Soos reeds blyk uit die dualistiese wêreldbeeld is dat daar `n groter goeie mag agter alles is, wat `n meesterplan besit vir die verloop van die geskiedenis, wat betrokke is in die stryd teen die bose magte wat die wêreld wil oorwin, wat omgee, en wat mense roep en stuur en deel maak van Sy plan. Hierdie karakter is God, wat altyd teenwoordig is (wat reeds bespreek is by die ooreenstemmende karakters), en wat in elke episode van die plot van die verhaal geïmpliseer word.

Hy is bewus van alles en sonder om die mens se vrye keuse in te perk, bestuur Hy die geskiedenis na `n beslissende einde toe, wat ook die nuwe begin sal wees. Daar is oomblikke in albei verhale waarin die implisiete leser wonder of dit gaan gebeur en of God se einde sal aanbreek, maar uiteindelik gebeur dit tog.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Voorsienigheid[12] is een van die belangrikste karaktereienskappe van God. Hy voorsien in terme van regtydige redding en ingrype, Hy voorsien in geestelike moed en krag, Hy voorsien deurdat Hy die planne en optrede van die bose op ironiese wyse teen die Bose gebruik sodat dit as't ware tot die voordeel van die goeie is, deur die regte (hoewel soms vir die leser vreemde) karakters op die regte tyd te betrek en deur hulle moed te gee om op te tree. Hy voorsien ook soms op wonderwerkende maniere. Dit alles weerspreek die belewenis van mense dat God onbetrokke is, en roep die leser om meer en meer te leef met `n bewussyn van `n groter werklikheid, hoewel onsigbaar, en dat hierdie werklikheid selfs meer eg is en op gereken kan word as die sigbare werklikheid van ons mense.

***Oorwinning! ... deur lyding***

Hierdie gedagte is waarskynlik die heel belangrikste teologiese perspektief wat albei outeurs aan hul lesers wil kommunikeer – dat oorwinning teen die Bose slegs moontlik is deur lyding. Hierdie paradoksale stelling word gefundeer in die Christus-karakter wat Sy lewe gegee het, sodat ander kan leef. Deur dié pad te loop sal die gelowige ook oorwinning behaal. Dit word duidelik in albei verhale dat die oorwinning nie moontlik is, as dit nie langs hierdie weg geskied nie. Deur bereid te wees om te sterf ter wille van die *Quest* en ter wille van ander, maak telkens in albei verhale die oorwinning moontlik, gedeeltelik ook omdat dit die een iets is wat die Bose nie verstaan nie en dus nie kan voorsien of beveg nie.

In albei verhale word duidelik gemaak dat die pad van dissipelskap (waarvan die *Quest* en die pad deur Mordor om die Ring te vernietig, metafore is), `n baie moeilike en swaar pad is – vol opoffering en ontbering. Die bose magte vervolg die gelowige, daar word baie swaarkry beleef op hierdie pad, die gelowiges word geroep om hul kruis te dra en uiteindelik om bereid te wees om te sterf. Verder is die gelowige in albei verhale eintlik op ` 'anti-*quest*', want hulle word geroep om dinge af te lê en te verloor. Dit is `n pad vol versoekinge, want die Bose probeer om die gelowiges te mislei en te verlei

[12] Die Een wat op die troon sit (Op 4) kommunikeer die boodskap van voorsienigheid. In Openbaring word die tema duidelik uitgewerk.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


om hulle sodoende van God te vervreem. Wat die versoeking so moeilik maak om te weerstaan, is omdat dit die makliker pad is, omdat die Bose so 'goed' kan 'lyk' en dit wat aangebied word selfs sinvol en goed kan voorkom. Hierdie pad van lyding hou egter die belofte in van oorwinning en om saam met Christus ewig te lewe.

***Rol van die gelowiges***

Ek onderskei veral die volgende prominente aspekte wat albei outeurs kommunuikeer ten opsigte van die rol van die gelowiges in hierdie wêreld: roeping en keuse; nuwe lewe as vreemdelinge/pelgrims; om soos Jesus te word.

Hoewel die roepingsaspek in The Lord of the Rings `n meer prominente rol speel as in Openbaring, word dit in Openbaring voorveronderstel dat die gelowiges êrens op die roepstem van God geantwoord het. In The Lord of the Rings word dit pertinent by verskeie geleenthede uitgebeeld en dit blyk die oortuiging van albei outeurs te wees dat `n gelowige geroep word vir `n spesifieke taak en dié taak kry inhoud binne die konteks van die stryd tussen goed en boos, en die optrede van Christus. Ten opsigte van roeping is dit ook in The Lord of the Rings belangrik dat dit dikwels die kleinstes en swakstes is wat deur God geroep en gebruik word. Dit is natuurlik ook `n tema in Openbaring waar die gelowiges se probleem onder andere juis is dat hulle in so `n absolute minderheid is en so swak en weerloos is ten opsigte van die sterk strukture wat téén hulle is en wat hulle vervolg.

Die tweede saak rakende die rol van die gelowiges hou verband met die eerste (roeping), want die gelowige word geroep vir iets spesifiek. Dit is nie `n vae roeping nie, maar word duidelik beskryf: die gelowige word geroep om in navolging van Jesus Christus deel te word van die stryd teen die bose op aarde, op elke lewensterrein. Hierin handel dit ten diepste om `n nuwe lewe wat op ander waardes geskoei is en wat ander prioriteite het en wat vreemd is in hierdie wêreld. In The Lord of the Rings word dit veral uitgebeeld deur die lewe van die lede van die *Fellowship* voortdurend te kontrasteer met dié van die Bose. Die nuwe lewe blyk uit die voorafgaande temas van roeping en

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


lyding en uit die hieropvolgende temas. Die beginsel is `n lewe wat so anders is dat dit sigbaar sal wees aan Wie mens behoort. Juis dit sal egter vervolging tot gevolg hê. Hierdie nuwe lewe behels `n "vreemde" leefstyl waarin vergelding en haat plek maak vir vergifnis en liefde en vryspraak; waarin mense hulle gemaklike leefstyl verruil vir `n pad van ontbering; en waarin nie weggeskram word van selfopoffering nie. Die tema van ontbering in plaas van gemak speel egter in albei verhale `n groot rol. In The Lord of the Rings word die simboliese lewenshouding van `n pelgrim deel van die bestaan van die gelowiges. Die pelgrim is oppad na die onsigbare God en op hierdie pad word God sigbaar in oomblikke. Die uiteindelike doel wat die gelowige moet nastreef, is om soos Jesus te word. Nie een van die boeke beskryf dit so eksplisiet nie. Dit is slegs my verwoording van wat ek in die twee verhale ontdek: Openbaring roep oor en oor die gelowige op tot `n lewe wat lyk soos Jesus se lewe in veral twee aspekte: getroue getuies en bereidheid om te sterf. The Lord of the Rings se karakterontwikkeling word so uitgebeeld dat die leser nie anders kan as om in die karakters individue te sien wat meer en meer soos Jesus word en lyk nie. Frodo verander sodanig dat heelwat kommentare oor die boek hom beskou as `n Christus-karakter. Die belangrikste karaktertrek wat Frodo en Sam ontwikkel, is liefde en deernis vir die vyand. Uiteindelik pleit Frodo dat geen geweld gebruik sal word nie, omdat hy van die Christus-karakter in die verhaal geleer het dat die liefde oorwinning bring.

***Hoop***

Daar is nie net die oproep tot `n nuwe lewe van navolging van Christus nie. Daar is ook in albei verhale `n baie sterk troos- en hoop-motief. Die outeurs van albei verhale wil, soos reeds na verwys, vir die leser hoop gee deur nuwe perspektief, waarvolgens hulle lewens ingebed is in die groter konteks van God se bestaan. Die feit dat die leser ontdek dat hy/sy deel is van `n groter geheel is vertroostend, want die leser besef hy/sy is nie aan hom-/haarself oorgelaat nie - daar is `n groter mag wat `n rolspeler is op `n bepalende en deurslaggewende manier, en daarom moet die gevoel van alleenheid en magteloosheid in die lig van die groot stryd en die moeilike pad wat die gelowige se lewe kenmerk, interpreteer word.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


`n Boodskap wat vanaf die eerste hoofstuk van albei boeke gekommunikeer word, is die herhaaldelike versekering dat mens nie alleen is nie, maar dat Christus met ons oppad is, ons lewens deel en ons harte ken en verstaan; Hy dra saam aan ons laste; Hy versterk ons in tyd van nood: Hy gee die ewige lewe aan die einde van die pad.

***Oorlog***

Albei verhale maak gebruik van 'n oorlogmotief. Tog is albei outeurs in wese téén oorlog. Hulle gebruik dit egter as effektiewe simbool vir die stryd teen die Bose, met ander woorde die oorlogmotiewe word gebruik om die dieper geestelike stryd van die mens uit te beeld. Hoewel albei outeurs teen oorlog is, is dié beelde effektiewe metafore vir aktiewe optrede op `n passiewe manier. Frodo se pad is weer eens in die verhaal die simbool van die pad van die gelowige. The Lord of the Rings se teks wil juis die verskriklikheid, die boosheid, onmenslikheid en wreedheid van oorlog uitbeeld en die vernietigende aard daarvan en dat dit nooit iets goed kan wees nie. Die outeur gebruik – na aanleiding van die leser se spesifieke historiese konteks – oorlogmotiewe om juis te sê dat die afgelope oorlog ten diepste boos was in elke opsig en dat dit deel is van die Bose se manier waarmee hy mag bekom en nastreef. Die oorlogmotief is egter `n effektiewe simbool vir die dieper geestelike stryd wat gevoer word.

Ek het ook in die afsonderlike verhaalanalises verwys na die '*combat myth*' (Collins 1976) waarvolgens albei outeurs bekend was met bestaande oorlogmitologieë wat hulle effektief aanwend in hul onderskeie verhale.

Die elemente wat in albei verhale voorkom en waarin hulle duidelike ooreenkomste toon, is:

Die dramatiese uitbeelding van die dood en opstanding, die stryd waarin die triomf van Christus (in Openbaring) en Gandalf (The Lord of the Rings) uitgebeeld word oor die vyand, die huwelikseremonie van Christus (Op) en Aragorn (LR).

Hier volg `n grafiese vergelyking van die temas van die klassieke oorlogmitologie soos na verwys in die onderskeie analises, om te illustreer dat die verhale hierin ooreenstem.

| Openbaring 12 | The Lord of the Rings |
|---|---|
| A. Op 12: 4b, die draak (enkel karakter)<br>B. Op 12:4, die sterre wat hy saamsleep is simbool van chaos<br>C. Op 12:4, hy wag om die kind dood te maak<br>D. Op 12:5a, die kind verskyn wat bestem is vir groot dinge<br>E. Op 12:5b, word geïmpliseer voor Jesus se hemelvaart<br>G. Op 12:7a, herstel van die held<br>H. Op 12:7b-9, stryd en oorwinning van engele en deur die Lam wat sterf<br>I. Op 12:10-12a, herstel van orde en aanbreek van `n nuwe era<br>F. Op 12:12b-17, die draak se mag | A.Sauron (enkel karakter)<br>B.Die beskrywing van Mordor en Isengard as plekke van chaos en die gebrokenheid van die skepping rondom Sauron se gebiede is tekens hiervan<br>C.Saruman wat Gandalf uit die weg wil ruim<br>D.Die sinspeling op die ware identiteit van Aragorn<br>E.Gandalf se stryd met die bose tot die dood toe<br>F.Saruman en Sauron se sterk ryk en weermag wat hulle opbou.<br>G.Gandalf oorwin die dood<br>H.Die laaste en beslissende veldslag en Sauron wat verslaan word<br>I. Aragorn word koning |

***'Eucatastrophe'***

Hierdie begrip is deur Tolkien geskep en beskryf die teenoorgestelde van 'catastrophe', en verwys na die skielike vreugdevolle wending wat alles ten goede laat meewerk téén verwagting in. Ek identifiseer in albei verhale dieselfde twee 'eucatastrophic' momente: Christus se oorwinning oor die dood; en die laaste veldslag waarin die Bose vernietig word en die goeie oorwin, wat ook die klimaks in albei verhale is.

***Afloop van die verhaal***

Albei verhale het ooreenstemmende eindgebeure: die wederkoms van Christus as Koning wat sy nuwe Ryk kom vestig en die ewige lewe wat verskillend uitgebeeld word, maar wel in albei verhale voorkom.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Dan is daar in The Lord of the Rings `n verrassende wending, wanneer die verhaal eindig, maar dan weer hervat. Wat interessant is vir ons studie, is dat die verhaal hervat daar waar die verhaal in Openbaring begin: die oorwinning is behaal, Satan is oorwin. En nou? Nou keer die hobbits terug na die Shire net om uit te vind dat alles daar stukkend is en in die mag van die Bose. Iets van die gelowiges in Openbaring se ervaring word hier herhaal. Christus het die oorwinning behaal, en nou? Die Bose is dan nog steeds daar en nog steeds besig. Die Bose heers en het mag om stukkend te maak en af te breek. Wat beteken die oorwinning dan? Dit is hier waar The Lord of the Rings lig werp op die boodskap van Openbaring, want die outeur wil antwoord gee op hierdie krisis. Twee belangrike temas word op só manier gekommunikeer, dat dit die leser myns insiens kan help in sy/haar verstaan van die twee ooreenstemmende temas in Openbaring.

Die eerste is: hoe moet ons die oorwinning verstaan oor Satan as hy dan nog net soveel skade kan doen? Wat beteken die oorwinning dan nog hoegenaamd?

Die tweede is: wat beteken `n lewe uit die oorwinning as dit dan nie sigbaar is nie?

1. Wat die eerste saak aan betref is dit die oorwinning oor Saruman wat lig werp op hierdie vraagstuk en ons help verstaan. Saruman word uit die Raad gewerp, net soos wat Satan in Openbaring uit die hemel gegooi word. Saruman is so woedend dat hy oorlog maak teen die Shire net soos Satan oorlog maak teen die navolgelinge van God. Hoe kan hy (Saruman) dit doen? Want al is sy mag weggeneem, het hy steeds die mag om mense te mislei en te laat gló dat hy mag het, en hierin lê die geheim. Hierdie is `n baie belangrike gedeelte wat perspektief wil gee op die moeilike saak van `n mag wat oorwin is en steeds mag blyk te hê. Dit is duidelik dat Saruman se mag lê in sy vermoë om mense te oortuig dat hy mag het. Hy hét dit dus nie meer nie, maar solank as wat mense hom glo en hy mense het wat sy (gewaande) mag propageer en uitvoer, het hy dit in effek wel. So verduidelik hierdie verhaal die gedeelte in Openbaring waar Satan oorwin word maar tog nog mag het om kwaad te doen en skade te berokken.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


2. Die 4 hobbits is terug in die Shire en doen wat al die ander hobbits saam nie kon doen nie – hulle jaag Saruman en sy mense weg en in die proses sterf Saruman en is dit werklik die einde van die Bose. Tolkien maak nie van die hobbits skielik bonatuurlike karakters en van hierdie einde `n mooi sprokie nie. Hy wil `n baie belangrike perspektief gee: die hobbits tree op soos hulle doen, omdat hulle verstaan dat Saruman se mag net gebaseer is op sy leuens en misleiding en niks meer nie. Hulle sien hom dus vir wie hy is en hulle leef uit die oorwinning waarvan hul pas deel en getuies was. Hulle onthou hul nuwe koning, al sien hulle hom nie meer nie, en tree op vanuit die ander werklikheid wat deel geword het van hulle bestaan. Die outeur van The Lord of the Rings wil vir mens wys wat kan gebeur wanneer mense leef uit hul onsigbare werklikheid asof dit sigbaar is!!!

***Simbole en metafore in die verhaal***

Albei verhale maak gebruik van simbole en metafore om hul boodskap te verkondig. So word simbole van lig en duisternis deurlopend gebruik. Stede en plekke is simboliese uitbeeldings van die goeie en die bose en versterk ook die  karakters. Albei gebruik oorlog as metafoor vir die groot geestelike stryd wat woed. In The Lord of the Rings word die *Fellowship* die simbool vir die gelowiges wat in Openbaring deur die sewe gemeentes uitgebeeld word. Die Nazgûl en die dier uit die aarde is parallelle simbole en Sauron en die draak is parallelle simbole. Mag speel in albei verhale `n groot rol en word in The Lord of the Rings gesimboliseer deur die ring en in Openbaring deur Rome. Die vrou Babilon wat dronk is van die bloed van die gelowiges in Openbaring stem ooreen met die karakter Shelob wat dronk is van die bloed van die elwe en mense wat teen Sauron kom oorlog voer het[13]. So gebruik albei outeurs simbole om die leser deel te maak van hierdie lewensveranderende verhale.

[13] Op 17:6 en The Lord of the Rings, 707.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


# 5. SAMEVATTEND

| | |
|---|---|
| Doel van outeurs<br>• Wil perspektief gee aan mense in nood<br>Wil perspektief gee op groter konteks, op God, die Bose en die mens se rol.<br>• Wil die mens help om sinvol en met visie in die hede te leef<br>• Wil bemoedig, troos en hoop gee<br>• Stel model van dissipelskap voor<br>• Wil onsigbare sigbaar maak.<br>• Wil leser beweeg tot lewe van *imitatio Christi*<br>Implisiete lesers<br>• Beleef lyding want God lyk afwesig en onbetrokke. Gevolg is geloofskrisis, want gelowige beleef `n diskrepansie tussen wat hulle bely en beleef.<br>Karakters<br>• God, Satan en die gelowiges is die belangrikste karakters wat met sterk parallelle ooreenkomste geteken word.<br>Teologiese perspektiewe<br>• Dualistiese wêreldbeeld<br>• Groter mag agter alles | • Oorwinning deur lyding<br>• Rol van die gelowiges<br>• Hoop<br>• Oorlog?<br>• *Eucatastrophe*<br>• Afloop<br>Simbole en metafore<br>• lig en duisternis<br>• Stede:<br>Jerusalem = Minas Tirith<br>Babilon = Mordor<br>Rome = Isengard<br>Dan is daar ook nog Lothlorien en Rivendell wat teenpole is van Isengard en Mordor.<br>Mag: Rome = Ring<br>Die vrou Babilon = Shelob<br>Draak = Sauron<br>Dier uit die see = Saruman<br>Dier uit die aade = Nazgûl<br>Christus = Gandalf / Aragorn<br>Nuwe Jerusalem = Minas Tirith |